Noordelike Sinode

TAAKSPAN KERKKANTORE

Verslag

1. Die doel van die kursus

Kerkkantore het ’n verskeidenheid van gestaltes na gelang van gemeentes se kapasiteit. Groot gemeentes het tot drie voltydse personeellede in die kantoor, terwyl kleiner gemeentes net ’n vrywillige lidmaat met ’n persoonlike rekenaar by die huis het. Kerkkantore beskik oor bekwame personeel met ’n verskeidenheid van vaardighede en opleiding. Die doel van hierdie taakspan was dus nie om mense op te lei nie, maar om hulle toe te rus met inligting asook die vorming van netwerke tussen die Sinodehuis en ook tussen kerkkantore onderling. ’n Gesig het by ’n naam gekom en ’n kerkkantoor WhatsApp-groep met 34 lede het ontstaan. Op hierdie WhatsApp-groep word inligting vinnig onderling met mekaar gedeel. Die doel van hierdie toerustingsgeleenthede was ook om erkenning te gee aan personeel wat al vir baie jare getrou in kerkkantore werk.

2. Die kursus is by die volgende drie geleenthede aangebied:

- 12-13 Junie 2023 by Buffelspoort
- 18-19 Maart 2024 by Nylstroom-Oos gemeente
- 11-13 Junie 2024 by Monumentpark gemeente

3. Die volgende gemeentes het die geleenthede bygewoon:

- **<u>12-13 Junie 2023</u>**

  Noordelike Sinode
  Brits; Hartbeespoort; Koedoeskop; Rustenburg; Rustenburg-Suid; Rustenburg-Bergsig en Rustenburg-Proteapark.

  Oostelike Sinode
  Lyttelton en Piet Retief

  Goudland
  Ventersdorp

- **<u>18-19 Maart 2024 by Nylstroom-Oos</u>**

  Noordelike Sinode
  Florauna; Hulp en Hoop; Koedoeskop; Koedoesrand; Magalieskruin; Mootvallei; Naboomspruit; Nylstroom-Oos; Overkruin; Thabazimbi; Vaalwater; Warmbad; Warmbad-Wes en Waterberg.

  Oostelike Sinode

Annelize Meyer van Oostelike Sinodehuis.

- **<u>11-13 Junie 2024 by Monumentpark</u>**

  (Na aanleiding van Annelize Meyer se besoek by Nylstroom se geleentheid is die derde geleentheid in samewerking met Oostelike Sinode aangebied.)

  Noordelike Sinode
  Daspoort; Mootvallei; Monumentpark; Monumentpark-Wes; Rustenburg-Bergsig; Rustenburg-Proteapark; Rustenburg-Suid; Sesmylspruit en Waterkloofrif.

  Oostelike Sinode
  Sinodehuis; Basilea; Bronkhorstspruit; Doornkloof; Kloofsig; Lyttelton; Meyerspark; Piere van Ryneveld; Rayton; Valleisig en Voetspore.

  Personeel van die Algemene Sinode

4. Inhoud van die kursus

Die volgende temas is bespreek:
- Die bekendstelling en funksionering van die Sinodehuis
- Argief (met ’n praktiese inoefening) deur Collette de Wet van die Kaap
- Die skryf van ’n notule
- Die rol van ’n skriba by ‘n vergadering
- Winkerk deur Jan Venter
- Sosiale media, webwerwe en advertensies
- Nuusbriewe en aankondigingsblaadjies
- Finansies, payroll en belasting
- Die gesig van die kerkkantoor
- Die vertel en versameling van gemeentes se stories

5. Evaluering deur kursusgangers

Die volgende skriftelike terugvoer is ontvang:
“Baie insiggewend. Moet beslis weer aangebied word om nuwe amptenare toe te rus.”
“Kerkraadslede moet ook teenwoordig wees.”
“Baie dankie, wens ek het hierdie kursus van die begin af gekry.”
“Hierdie drie dae was van onskatbare waarde.”
“Wens ek kon so ’n kursus bygewoon het 11 jaar terug toe ek begin het, sou my lewe baie vergemaklik het.”
“Dadelik soos familie gevoel.”
“Ons voel gewaardeerd en voel dat die Sinode vir ons omgee en goed bystaan.”